



Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 26 MEI 2022 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Daniels, C (DA)	Pieters, C (ANC)
Duda, A A (EFF)	Pypers, D C (DA)
Fortuin, C (ANC)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Stanley, B J (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Van Zyl, M (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadshere, raadslede en amptenare.

Pastoor Piet Smit open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat gedurende Meimaand verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

BESLUIT dat verlof tot afwesigheid verleen word aan rdl A M Booyen, P E Soldaka en G Vermeulen.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 28 APRIL 2022

Besluit/...

4.1/...

BESLUIT

(op voorstel van rdd M Van Zyl, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die notule van Gewone Raadsvergadering gehou op 28 April 2022 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE- MEESTERSKOMITEE GEHOU 21 APRIL 2022

saamgelees met

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 13 APRIL 2022

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 28 APRIL 2022

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 GOEDKEURING VAN DIE VOORMALIGE RAAD SE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (MET WYSIGINGS) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Die Speaker gee geleentheid om navrae te rig insake die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en areaplanne, waarop die Munisipale die uitdeelstuk met vervangende bladsye verduidelik.

Rdl B J Penxa, met verwysing na die Areaplan vir Wyke 8, 9, 10 en 11, noem dat die kapitaalspandering in Wyk 9 verwelkom word, met spesifieke verwysing na die elektrifisering van areas, aangesien hierdie diens noodsaaklik is vir die komende winter. Rdl Penxa versoek dat daar 'n vergadering belê word met die wyksraadslid om duidelikheid te verkry oor die projek insake basiese dienste vir Phola Park (A, B en C).

Rdl B J Penxa bring die probleme wat met die kontrakteur van die De Hoop-behuisingsprojek ervaar is, onder die aandag van die Raad.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas, lê die GOP (met wysigings) en areaplanne ingevolge die toepaslike wetgewende vereistes ter tafel en word die goedkeuring daarvan deur die Speaker tot stemming gebring en –

EENPARIG BESLUIT

(a) Dat die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van die vorige Raad (met wysigings) in terme van Artikel 25(3)(a) en (b) van die Munisipale Stelselwet (Wet 32 van 2000) goedgekeur word; en

(b) Dat die hersiening van die areaplanne goedgekeur word.

8.2 TERTAFELLEGGING VAN DIE FINALE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTING- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2022/2023, 2023/2024 EN 2024/2025 (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2022/23, 5/1/4)

[Nota: Vir die volledigheid en implementering van die besluit, sal daar op die Engelse weergawe staat gemaak word.]

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas, om sy eerste Begrotingsrede (*State of the Municipal Address*) as uitvoerende burgemeester van die Swartland Munisipaliteit te lewer (sien aangeheg vir volledigheidshalwe).

Die Uitvoerende Burgemeester verwys na sy Manifes, soos voorgehou tydens die eerste raadsvergadering op 16 November 2021, en noem dat die volgende aangeleenthede daaruit reeds aangespreek word, naamlik:

- (1) Onwettige strooi van rommel en skoonmaakprojekte in dorpe;
- (2) Die *Siyamamela*-projek (ons luister) – deurstap van strate in alle dorpe om inwoners aan te hoor;
- (3) Veiligheid en werksure van Verkeer- en Wetstoepassingsdienste;

Die spandering van 96% van die kapitaalbegroting en 95% van die bedryfsbegroting in die 2021/2022 finansiële jaar word uitgelig. Die Uitvoerende Burgemeester bedank die belastingbetalers, met verwysing na die betalingskoers van 96,7%, wat getrou hulle munisipale rekening betaal.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die Direkteur: Finansiële Dienste versoek is om 'n bedrag van R250 000,00 aan die Kantoor van die Burgemeester te allokeer waaruit die volgende projekte aangespreek sal word:

- (1) Geslaggebaseerde Geweld (*Gender Based Violence*) – een van die eerste projekte in Suid-Afrika waar GBV-ambassadeurs uit elke wyk opgelei sal word;
- (2) Toekennings aan matrikulante – prysuitdelingseremonie ter verering van die drie toppresteerders uit elke skool in die Swartland munisipale gebied;
- (3) *Golden Games*;
- (4) Sanitêre-doekies veldtog – onder leiding van die Uitvoerende Onderburgemeester;
- (5) Bevordering van Sport – ontwikkeling van ander sportkodes en hou van Sportberaad onder leiding van rdl A K Warnick.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die meerjarige begroting opgestel is onder uiters moeilike ekonomiese omstandighede met 'n inflasiekoers van 5.9% en toenemende styging in brandstof- en voedselpryse. Die begrotingsdokumente word ter tafel gelê, ingesluit die verwysing na die eiendomsbelasting- en tariefverhogings en die gratis dienste aan deernishuishoudings (9 232 in totaal).

Rdh Cleophas beklemtoon die groei in die kapitaal- en bedryfsbegroting en die styging in kapitaalspandering uit eie raadsfondse vanaf R295,2 miljoen tot R368 miljoen oor die meerjarige periode. Die vestiging van 'n swembad in Wesbank word beklemtoon, aangesien dit een van sy drome was om die fasiliteit nader aan die betrokke gemeenskappe te bring.

Die versekering word gegee dat die fondse van die Raad optimaal beplan word om die grootste impak en uitkoms vir die gemeenskap te bewerkstellig, aangesien kapitaalspandering as katalisator dien vir werkskepping.

Die goedkeuring van die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings, gewysigde begrotingsverwante beleide, heffing van eiendomsbelasting, tariewe en ander heffings vir 2022/2023, 2023/2024 en 2024/2025 word tot stemming gebring en –

Eenparig besluit/...

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesecondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat, na deeglike oorweging van die insette ontvang vanaf die publiek en provinsie soos deurgegee in **(Annexure E, Inputs received on Draft Budget)**, dit ons oorwoë mening is dat geen wysigings aan die beleide of begroting nodig geag word sover dit die 2022/2023 MTREF Konsepbegroting aangaan nie;
- (b) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die operasionele kostes bevestig het soos per **(Annexure A: 2022/23 – 2024/25 Final Budget and Tariff File)**;
- (c) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2022/23 – 2024/25 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;
- (d) Dat die Raad kennis neem dat die Departement van Sport nie betyds die skrywes van aanbeveling spesifiek ten opsigte van sportprojekte ten bedrae van R10 MILJOEN uitgereik het nie. Die gevolg is dat die projekte nie onder die MIG-program geregistreer kon word nie en dus nie gedurende die 2022/2023 finansiële jaar geïmplementeer kan word nie. Die Departement van Sport het egter goedkeuring verleen dat die fondse aangewend word in die 2023/2024 finansiële jaar;
- (e) Dat die Raad kennis neem van die versnelling van die Herseëlprogram in die huidige finansiële jaar as gevolg van die onderspandering op die Moorreesburg Riolsuiweringswerke projek, onderhewig daaraan dat die Herseëlprogram met dieselfde bedrag verminder is in die 2022/2023 jaar en die fondse weer geallokeer word aan die Moorreesburg Riolsuiweringswerke;
- (f) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening in 2023/24 of 2024/25 vir die gedeeltelike finansiering van die Highlands Stortingsterrein en Grootmaat Elektrisiteitsprojekte ten bedrae van R50 MILJOEN;
- (g) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Final Budget 2022/2023	Final Budget 2023/2024	Final Budget 2024/2025
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 115 812 892	R 122 483 903	R 129 755 722
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 23 810 000	R 34 711 000	R 25 670 000
Dept. Human Settlements	R 20 059 000	R 33 600 000	R 5 000 000
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 17 600 000	R 5 000 000	R 5 225 000
RSEP	R 1 200 000		
Contributions / Donations	R 12 533 913		
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 50 000		
Community Safety Grant	R 30 000	R 40 000	R 40 000
GRAND TOTAL	R 191 095 805	R 195 834 903	R 165 690 722

- (h) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 3 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;

8.2/...

- (i) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A: 2022/23 – 2024/25 Final Budget and Tariff File)**;
- (j) Dat die finale hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2022/23 tot 2024/25 finansiële jare goedgekeur word as finaal;

	Oorspronklike Begroting 2021/22	Aansuiwerings begroting 2021/22	Finale Begroting 2022/23	Finale Begroting 2023/24	Finale Begroting 2024/25
Kapitaalebegroting	166 435 729	170 040 448	191 095 805	195 834 903	165 690 722
Bedryfsuitgawes	911 967 149	953 347 356	1 029 331 859	1 061 375 494	1 139 864 067
Bedryfsinkomste	968 875 613	1 013 254 106	1 093 983 965	1 123 993 180	1 174 158 797
Begrote (Surplus)/ Tekort	(56 908 464)	(59 906 750)	(64 652 106)	(62 617 686)	(34 294 730)
Minus: Kapitaal Toekennings en Bydraes	47 912 409	52 027 246	77 109 000	73 351 000	35 935 000
(Surplus)/ Tekort	(8 996 055)	(7 879 504)	12 456 894	10 733 314	1 640 270

- (k) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van finale eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2022/2023 finansiële jaar;

Category of property	Rate ratio	(c/R) rate determined for the relevant property category
Residential properties	1: 1	0,5624
Business and Commercial properties	1: 1,4586	0,8203
Industrial properties	1: 1,4586	0,8203
Agricultural properties	1: 0,25	0,1406
Mining properties	1: 1,4586	0,8203
Public Service Infrastructure	1: 0,25	0,1406
Properties owned by an organ of state and used for public service purposes	1: 1,4586	0,8203
Public Benefit Organisations	1: 0	0,0000
Vacant properties	1: 1,3470	0,7575
Municipal properties	1: 0	0,0000
Conservation Areas	1: 0	0,0000
Protected Areas	1: 0	0,0000
National Monuments	1: 0	0,0000
Informal Settlements	1: 0	0,0000

Exemptions and Reductions

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;

8.2/(k)...

- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

NB: Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (l) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in (**Annexure A: 2022/23 – 2024/25 Final Budget and Tariff File**) goedkeur as finaal;
- (m) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as finaal goedkeur vir die 2022/23 finansiële jaar, **met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;**
- (n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in (**Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2022/23 – 2023/24**) goedgekeur word;
- (o) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in (**Annexure D: Final Amendments to Budget & Related Policies 2022/23**), goedgekeur word as finaal;
- (p) Dat die opleidingsbegroting beperk word tot **0,65%** van die salarisbegroting ten bedrae van **R1 911 192** vir die 2022/23 finansiële jaar;
- (q) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die Direkteure kontrakteel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:
 - Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **4.9%** vir 2022/2023; **4.4%** vir die 2023/2024 en **4%** vir 2024/2025 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerkverhoging waar van toepassing;
 - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;
 - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasietekens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).
- (r) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier" word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **8%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **8% (slegs 5.6% kapitale toekennings uitgesluit)** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per (**A-schedule: A7**) vir die volgende drie finansiële jare;
 - die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **8.9 maande** vir 2022/23, **8.4 maande** vir 2023/24 en **7.8 maande** vir die 2024/25 finansiële jaar (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
 - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfstekorte verwag word vir 2022/23, 'n bedrag van **R 12 456 894**, vir 2023/24 'n bedrag van **R 10 733 314** en vir 2024/25 'n bedrag van **R 1 640 270 (kapitale toekennings uitgesluit)**, wat bestuurbaar is binne die risiko-aptiyt van die munisipaliteit en gerugsteun word deur die verbeterde betaalkoerse.
- (s) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (t) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.6 soos vereis deur Nasionale Tesourie.

8.3 VASSTELLING VAN ONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2022/2023 (15/1/B)

Die ontwikkelingsbydraes het oor die afgelope paar jaar onveranderd gebly en is nie aangepas in ooreenstemming met die inflasiekoers nie.

Dit is belangrik dat die Munisipaliteit 'n omgewing skep waarin ekonomiese groei en werkskepping bevorder word, daarom word daar verder voorgestel om 'n korting van 35% op die ontwikkelingsbydraes te oorweeg om beleggers/ontwikkelaars na die Swartland munisipale area te lok.

Die voorgestelde ontwikkelingsbydraes en korting daarop word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis met 16 raadslede ten gunste daarvan, met die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Die aangehegte ontwikkelingbydraes vir die 2022/2023 finansiële jaar goedgekeur word:
 - Greenfields"-ontwikkelingbydraes – Malmesbury (Bylae "A");
 - "Brownfields"-ontwikkelingbydraes – Swartland Munisipale Gebied (Bylae "B");
 - Ontwikkelingbydraes – Riebeek Vallei (Bylae "C" & "C1" en Bylae "C");
 - Ontwikkelingsbydraes vir grootmaatsdienste – Yzerfontein (Bylae "D");
- (b) 'n Korting van 35% op genoemde ontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2022/2023 finansiële jaar toegestaan word;
- (c) Ontwikkelaars 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan m.b.t. die betaling van ontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide.
- (d) Die bestaande besluit insake die vrystelling van betaling van ontwikkelingsbydraes op ontwikkelings van 100m² en kleiner aan ondernemings en nywerhede in die Riebeek Vallei, ten opsigte van die 2022/2023 finansiële jaar bevestig word;
- (e) Die werklike koste van ontwikkelingsbydraes sal op alle ontwikkelings van toepassing wees, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste van toepassing wees.

8.4 KONSEP PROSESPLAN VIR DIE OPSTELLING VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN EN RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (2/1/4/4/1)

Artikels 28 en 29 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000) skryf die proses voor ten opsigte van die beplanning, opstel, aanneem en hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan na die verkiesing van die nuwe Raad, ingesluit die publieke konsultasieproses.

Die konsep Prosesplan is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

- (a) Dat kennis geneem word van die konsep Prosesplan;
- (b) Dat 'n werksessie in verband met die Prosesplan met die Raad gehou word op 9 Junie 2022;
- (c) Dat die plaaslike gemeenskap gedurende Junie en Julie 2022 gekonsulteer word deur middel van kennisgewings in die plaaslike koerante en op die Munisipaliteit se Facebookblad en webtuiste; en
- (d) Dat die finale Prosesplan in Augustus 2022 aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring.

8.5 OPSKORTING VAN DIE VOORKEURVERKRYGINGSREGULASIES, 2017: ONTTREKING VAN DIE RAAD SE VOORKEURVERKRYGINGSBELEID (8/1/B/1)

Die voorkeurverkrygingsregulasies is ongeldig verklaar na aanleiding van die hofsak, *Minister of Finance v Afribusines NPC [2022] ZACC 4*.

Gevolgtik het die Munisipaliteit om vrystelling by die Nasionale Tesourie aansoek gedoen ten opsigte van die toespasing van die Voorkeurverkrygingsregulasies, 2017. Die Raad se Voorkeurverkrygingsbeleid moet dus onttrek word en voorkeurverkryging moet in lyn met die Nasionale Tesourie se goedkeuringsvoorwaardes om vrystelling, toegepas word.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word –

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O’Kennedy)

- (a) Dat die Munisipaliteit se Voorkeurverkrygingsbeleid met ingang van 16 Februarie 2022 teruggetrek en gekanselleer word;
- (b) Dat die 80/20 puntestelsel vir die verkryging van tenders met randwaardes bo R30 000.00 tot R50 miljoen, en die 90/10 puntestelsel vir tenders met randwaardes bo R50 miljoen, tesame met die toepaslike BBEE-telkaarte, gebruik word vir tenders wat op of na 16 Februarie 2022 geadverteer word (in ooreenstemming met Nasionale Tesourie se vrystelling hierby aangeheg).

8.6 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE DIE HOU VAN VERGADERINGS (1/1)

Die bestaande verordening is op 16 November 2021 aan die Raad voorgelê en is daar meegedeel dat dit hersien moet word om die bepalings van die Strukturewysigingswet, Wet 3 van 2021, wat op 1 November 2021 in werking getree in te sluit.

Die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering het ‘n standaardverordening gesirkuleer wat ook in ag geneem is met die opstel van die konsep verordening, bv. die insluiting van bepalings vir die hou vir virtuele vergaderings.

Rdl B J Penxa versoek dat die Speaker oorweging daaraan verleen om nie te vereis dat raadslede moet staan wanneer die Raad toegesprek word nie.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis met 15 raadslede ten gunste daarvan, met die res van die raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(Op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordening op 26 Mei 2022 aan die Raad voorgelê word vir beginselgoedkeuring:
 - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Hou van Vergaderings
- (b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

8.7 INSTELLING VAN SPESIALE BELASTINGAREAS IN TERME VAN DIE WET OP MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING (1/1)

‘n Versoek is op 30 September 2021 vanaf die Riebeeck-Vallei Belastingbetalersvereniging ontvang om die instelling van spesiale belastingareas in terme van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004 te oorweeg.

Die doel van ‘n spesiale belastingarea is om uit die addisionele tariewe wat gehef word ‘n hoër vlak van dienste te verskaf om, onder andere, ‘n veiliger en skoner omgewing te skep vir bevordering van sosio-ekonomiese omstandighede en toerisme.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring en word –

8.7/...

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die instelling van Spesiale Belastingareas in hierdie stadium nie goedgekeur word nie, met inagneming van die finansiële volhoubaarheidsoorweginge en werklike/potensiële risiko soos mee gehandel in die verslag, en – in besonder –in ag genome die potensiële risiko dat die instelling van sodanige areas segregasie en bestaande ongelykhede mag bevorder in gemeenskappe wat nie homogeen van aard is nie, soos dié van Riebeek-Wes en Riebeek Kasteel.

8.8 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselwet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies moet ontwikkel en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid sal optimaliseer en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte.

Die aanhangsels tot die sakelys behels die eerste hersiening van die Stelsel van Delegasies wat op 16 November 2021 deur die Raad aanvaar is.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die wysiging tot die Stelsel van Delegasie (1^{ste} Hersiening) soos vervat in Aanhangsel A goedgekeur word, en kennis geneem word van die wysigings soos vervat in Aanhangsel B;
- (b) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die munisipale bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasie.

8.9 SWARTLAND TOERISME NPC (MAATSKAPPY SONDER WINSBEJAG): NUWE DIENSVLAKOOREENKOMS 2022-2025 (9/1/3/B)

Plaaslike owerhede het 'n grondwetlike mandaat om toerisme in hul munisipale gebied te bevorder, te ontwikkel en te administreer.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 20 Mei 2021 'n nuwe model vir toerisme goedgekeur na afloop van konsultasies oor 'n tydperk van drie jaar met verskeie rolspelers.

Die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-organisasie sal ontbind word en die nuwe Swartland Toerisme NPC sal vanaf 1 Julie 2022 in werking tree.

Die voorgestelde Diensvlakooreenkoms tussen die Munisipaliteit en Swartland Toerisme NPC is met die sakelys gesirkuleer vir oorweging en goedkeuring.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd M van Zyl)

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die ondertekening van 'n Diensvlakooreenkoms (soos per **Aanhangsel A** hiermee) met die Swartland Toerisme NPC met ingang van 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2025, onderhewig daaraan dat die ooreenkoms toepaslik gewysig word om die volgende in te sluit, naamlik
 - (i) dat 'n finansieringsmodel ontwikkel word om die kort- en langtermyn bedryfs- en kapitaalvereistes te bevat, ingesluit 'n strategie om lidmaatskap en -bydraes te verhoog;
 - (ii) dat die kwartaalverslag die vordering in bereiking van die doelwitte ingevolge die finansieringsmodel sal insluit.

(b)/...

8.9/...

- (b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die Diensvlakoooreenkoms namens die Raad te onderteken om die Raad se wetlike mandaat insake toerisme te volvoer.

8.10 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN ERF 56, MALMESBURY (12/2/5/5-3/1)

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar van Erf 1764, Malmesbury om die oop stuk grond voor sy eiendom, Erf 56 (groot 474 m²), vanaf die Raad te bekom vir toekomstige ontwikkeling.

Die motivering en redes vir die uit-die-hand-vervreemding van Erf 56, Malmesbury word in die verslag tot die sakelys aangevoer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat erf 56, Malmesbury (groot 474 m²) uit-die-hand uit aan J A Vlok (die eienaar van erf 1764, Malmesbury) vervreem en oorgedra word, en wel teen R134 616,00 BTW uitgesluit;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom vir residensiële doeleindes gesoneer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig word nie;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
 - (i) Die eiendom as 'nie-bestaanbare bate' kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie as 'n afsonderlike entiteit sinvol ontwikkel kan word binne die ontwikkelingsparameters vir residensiële sone 1 nie, en dus slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan 'n aangrensende eienaar vir gebruik daarvan tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;
 - (ii) Oordrag van die eiendom aan 'n individu of entiteit die Munisipaliteit van sy onderhoudslas vrystel, asook die risiko beperk van potensiële grondbesetting of wanaanwending (bv. onwettige storting).
- (d) Dat die volgende voorwaardes van verkoop op die transaksie van toepassing sal wees:
 - (i) Erf 56 met erf 1764 gekonsolideer moet word deur die koper;
 - (ii) Die rioolpyp wat die erf kruis deur die Munisipaliteit verskuif word vir die rekening van die koper, welke koste R16 205,63 (BTW ingesluit) bedra vir die periode tot 30 Junie 2022, vir herberekening met ingang vanaf 1 Julie 2022;
 - (iii) Benewens die koopprys, die koper verantwoordelik sal wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkoste en die kostes van konsolidasie;
- (e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiële besware, en dat die Uitvoerende Burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;
- (f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van J A Vlok bekom word dat hy instem tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag;
- (g) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die verkoop-ooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

8.11/...

8.11 BEDANKING VAN RDH B J STANLEY AS VERTEENWOORDIGER VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT NA DIE WESKUS DISTRIKMUNISIPALITEIT (3/3/1/1)

'n Skrywe gedateer 6 Mei 2022 is ontvang vanaf rdh B J Stanley ontvang waarin hy sy bedanking as verteenwoordiger van Swartland Munisipaliteit na die Weskus Distrikmunisipaliteit bevestig.

Die nodige prosesse is deur die Munisipale Bestuurder van die Weskus Distrikmunisipaliteit gevolg om die Hoof Verkiesingsbeampte dienooreenkomstig in kennis te stel.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die bedanking van rdh B J Stanley as verteenwoordiger op die Weskus Distriksraad en dat die bedanking dienooreenkomstig aanvaar word;
- (b) Dat kennis geneem word van die skrywe deur die Weskus Distriksmunisipaliteit gedateer 9 Mei 2022 waarin die Hoof Verkiesingsbeampte in kennis gestel is van rdh Stanley se bedanking;
- (c) Dat verder kennis geneem word van die verkiesing van rdl I S le Minnie na die Weskus Distriksmunisipaliteit as verteenwoordiger van Swartland Munisipaliteit, soos verklaar deur die Hoof Verkiesingsbeampte op 23 Mei 2022.

8.12 TERUGVOERING AANGAANDE DIE VULLING VAN ARTIKEL 56 BESTUURSPOS: DIREKTEUR: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (4/3/B, 4/3/1)

Die Raad is op 31 Maart 2022 ingelig aangaande die vakature wat sal ontstaan in die pos van Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste na die aftrede van mnr R du Toit op 30 Junie 2022. Die Raad het dienooreenkomstig goedkeuring verleen vir die advertering van die pos van Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste.

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, noem dat die vakature reeds by twee geleenthede geadverteer was, en dat daar onderskeidelik vyf en drie aansoeke ontvang is waarvan geeneen aan die minimum vereistes van die pos voldoen het nie.

Die verslag voor die Raad het ten doel om goedkeuring te verleen om die minimum vereistes van die pos te verslap, sonder om die Munisipaliteit op risiko te plaas.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat CogTA nie reageer op korrespondensie wat afgestuur word aangaande die verlenging van die dienskontrak van mnr Du Toit na aftree-ouderdom nie, nieteenstaande die feit dat daar vasgestel kan word dat die ontvanger wel die e-posse ontvang het (*read receipt*) en dat die rekords geberg word vir ouditdoeleindes.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die spesiale poging wat aangewend is om kandidate te werf wat aan die minimum geadverteerde vereistes voldoen en ook ten einde Swartland Munisipaliteit se gelykheidsprofiel op senior bestuursvlak aan te spreek en dat daar steeds geen kandidate is wat aan die minimum vereistes voldoen nie;
- (b) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om, in oorleg met die Direkteur: Korporatiewe Dienste, die huidige Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste en die Snr Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste, die werwingsadvertensie te wysig ten einde die geadverteerde vereistes te verslap binne die raamwerk van die Regulasies vir Aanstelling en Diensvoorwaardes van Senior Bestuurders, GG 37245 gedateer 17 Januarie 2014, ten einde paslik gekwalifiseerde kandidate te werf en dat die pos heradverteer word;

- (c) Dat daar kennis geneem word van die gewysigde prosesplan soos hierby aangeheg en dat dit as sulks goedgekeur word.

**GETEKEN:
SPEAKER**